| | |
|---|---|
| *VERSLAGWAARDIG* | *JA/NEE* |
| *SIRKULEER ONDER REGTERS* | *JA/NEE* |
| *SIRKULEER ONDER LANDDROSTE* | *JA/NEE* |

# IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA
# (NOORD-KAAP HOË HOF, KIMBERLEY)

***SAAK NO.: CA&R/0***
***Datum aangehoor: 23/11/2009***
***Datum van uitspraak: 27/11/2009***

In die saak tussen:

PIETER SPRINGBOK — Appellant

en

**DIE STAAT** — **Respondent**

**CORAM: S A MAJIEDT R et CC WILLIAMS R:**

## UITSPRAAK OP APPÉL

WILLIAMS R

1. Die appellant, mnr Pieter Springbok, is op 5 Februarie 2009 in die Landdroshof te Barkly-Wes skuldig bevind op 'n aanklag van roof. Hy is gevonnis tot 3 jaar gevangenisstraf waarvan 1 jaar gevangenisstraf voorwaardelik opgeskort is.

2. Die appellant kom nou in hoër beroep teen die vonnis hom opgelê.

3. Die feite van die saak word vervolgens opgesom. Die appellant en sy vriendin, ene Lebo, het op die betrokke aand by die Diggers Taverne te Windsorton gekuier. Op ‘n stadium het die twee van hulle handgemeen geraak. Die klaer, mnr Montesquie Jacobs het tussenbeide getreë en vir sy moeite het die appellant sy aggressie op die klaer gerig. Terwyl die klaer besig was om die polisie op sy selfoon te skakel het die appellant hom ‘n vuishou teen die bors gegee. Die klaer het agteroor geval en sy selfoon het op die grond beland. Die appellant het die selfoon opgetel in sy sak gesteek en nadat hy gepoog het om die klaer met klippe te gooi is hy daar weg. Die klaer se selfoon is nooit terugbesorg nie.

4. Die appellant is ‘n 35 jarige man en ook ‘n eerste oortreder. Hy het ten tye van die voorval gewerk by die Golden Falls Myne te Holpan waar hy R7200, 00 per maand verdien het. Die appellant is ongetroud maar het twee minderjarige kinders waarvoor hy onderhoud betaal het in die bedrag van R700,00 per maand. Hy het ook gesorg vir sy moeder en sy broers.

5. Namens die appellant is daar aangevoer dat die verhoorhof fouteer het deur die aard en erns van die misdryf en die belange van die gemeenskap te oorbeklemtoon ten koste van die persoonlike omstandighede van die appellant en dat die vonnis oppgelê in die omstandighede buitensporig swaar en onvanpas is.

6. Mnr. Kgatwe, wat namens die Staat optree in die appél, gee na ons mening tereg toe dat die vonnis opgelê, gegewe al die relevante omstandighede, skokkend onvanpas is.

7. Die verhoorhof het na my mening uitermatig klem gelê op die voorkoms van roofgevalle, spesifiek in die distrik van Barkley-Wes, sonder om die voorval op sy eie meriete te beoordeel. Hierdie is klaarblyklik nie die tipiese roofgeval wat daagliks in die howe dien, waar booswigte daarop uit is om die gemeenskap te teister en hulle van hul eiendom te ontneem nie.

8. Op die oog af was hierdie ‘n doodgewone kroeggeveg met die ongelukkige uiteinde dat die appellant die klaer se selfoon geneem het heel, waarskynlik om te verhoed dat die klaer die polisie skakel. Die appellant se gunstige persoonlike omstandighede is ook sprekend daarvan dat hy nie ‘n geharde misdadiger is van wie die gemeenskap beskerm behoort te word nie. Die getuienis is duidelik dat die betrokkenes almal in die taverne drankies geniet het en dat die appellant kwaad geword het vir die klaer toe hy inmeng in die rusie tussen die appellant en sy vriendin. Die klaer homself was tot so ‘n mate onder die invloed van drank dat hy besluit het om eers die volgende dag ‘n verklaring by die polisie af te lê.

9. Na my mening het die verhoorhof nie sy diskresie redelikerwys uitgeoefen met die oorweging van ‘n gepaste vonnis nie en is

hierdie Hof dus geregtig om in te meng met die opgelegde vonnis.

10. Alhoewel ek nie van mening is dat direkte gevangenisstraf noodwendig die enigste gepaste vonnis in hierdie omstandighede is nie, is die koeël deur die kerk aangesien die appellant reeds sedert 5 Februarie 2009 in die gevangenis is.

**Derhalwe word die volgende bevel gemaak:**

**a) Die appél teen vonnis slaag.**

**b) Die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met die volgende:**

**"18 (agtien) maande gevangenisstraf waarvan 9(nege) maande vir 'n periode van drie jaar opgeskort word op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan roof of aanranding of diefstal of 'n poging om gemelde misdrywe te pleeg, gepleeg binne tydperk van opskorting nie."**

**c) Die vonnis word terugdateer na 5 Februarie 2009.**

C.C WILLIAMS

REGTER

Ek stem saam.

________________________

S.A MAJIEDT

REGTER

| | |
|---|---|
| Nms. Appellant: | Adv P.J Cloete<br>i. o. v. Regshulpraad |
| Nms. Respondent: | Adv Kgatswe<br>Kantoor van die Direkteur van Openbare Vervolgings |